43. Finansiële aangeleenthede en rekening	123
44. Verslagdoening	124
45. Verstrekking van Inligting	124
46. Bates en laste by afskaffing	125
47. Litigasie teen waterraad	126
48. Formele onreëlmatighede	126
49. Regulasies	127
50. Uitwerking van insluiting van Hoofstuk in Wet	129

HOOFSTUK VII

Waterdienstekomitees

51. Instelling en afskaffing van waterdienstekomitees	129
52. Hoofwerkzaamheid van waterdienstekomitees	130
53. Bevoegdhede van waterdienstekomitees	131
54. Voorwaardes vir verskaffing van dienste	131
55. Beheer van waterdienstekomitees	132
56. Pligte van komiteelede	133
57. Finansiële aangeleenthede en rekening	133
58. Formele onreëlmatighede	134
59. Verstrekking van inligting	134
60. Bates en laste by afskaffing	136
61. Regulasies	136

HOOFSTUK VIII**Monitering en ingryping**

<i>Artikel</i>	<i>Bladsy</i>
62. Monitering van waterdienste-instellings	137
63. Ingryping	138

HOOFSTUK IX**Finansiële bystand aan waterdienste-instellings**

64. Bevoegdheid van Minister	141
65. Aansoeke om finansiële bystand	141
66. Regulasies oor finansiële bystand	142

HOOFSTUK X**Nasionale inligtingstelsel**

67. Instelling van nasionale inligtingstelsel	143
68. Doel van nasionale inligtingstelsel	143
69. Verstrekking van inligting	144
70. Befondsing van nasionale inligtingstelsel	144

HOOFSTUK XI**Algemene bevoegdhe en pligte van die Minister**

<i>Artikel</i>	<i>Bladsy</i>
71. Prosedure om regulasies uit te vaardig	144
72. Oorlegpleging deur Minister	145
73. Algemene bevoegdhe van Minister	145
74. Delegasie van bevoegdhe	147
75. Appèl	147
76. Advieskomitees	148

HOOFSTUK XII**Algemene bepalinge**

77. Oordraagbaarheid van serwitute	149
78. Eiendomsreg in waterwerke	149
79. Betreding en inspeksie van eiendom	150
80. Onteining	151
81. Misdrywe	152
82. Staat gebind	153
83. Herroeping van wette en voorbehoudsbepalinge	153
84. Kort titel	154

HOOFSTUK 1

Inleidende bepalings

Woordomskrywing

1. (1) In hierdie Wet, tensy dit uit die konteks anders blyk, beteken—
- (i) "basiese sanitasie" die voorgeskrewe minimum standaard van sanitasiedienste wat nodig is vir die veilige, higiëniese en toereikende versameling, verwydering, wegdoening of suiwering van menslike uitwerpsel, huishoudelike afvalwater en rioolvuil van huishoudings;
 - (ii) "basiese watervoorsiening" die voorgeskrewe minimum standaard van watervoorsieningsdienste wat nodig is vir die betroubare voorsiening van 'n toereikende hoeveelheid en gehalte water aan huishoudings;
 - (iii) "goedkeur" skriftelik goedkeur, en het "goedkeuring" 'n ooreenstemmende betekenis;
 - (iv) "hierdie Wet" ook regulasies uitgevaardig kragtens hierdie Wet;
 - (v) "Minister" die Minister van Waterwese en Bosbou;
 - (vi) "nywerheidsgebruik" die gebruik van water vir mynbou, vervaardiging, die ontwikkeling van elektrisiteit, vervoer en konstruksie;
 - (vii) "ontwikkelingsplan" 'n waterdienste-ontwikkelingsplan opgestel ingevolge hierdie Wet;
 - (viii) "persoon" ook 'n waterdienste-instelling;

- (ix) "provinsie" die Lid van die Uitvoerende Raad wat vir plaaslike regering in die betrokke Provinsie verantwoordelik is;
- (x) "regulasie" 'n regulasie uitgevaardig kragtens hierdie Wet;
- (xi) "sanitasiedienste" die versameling, verwydering, wegdoen of suiwering van menslike uitwerpsel, huishoudelike afvalwater en rioolvuil;
- (xii) "verbruiker" enige eindgebruiker wat waterdienste van 'n waterdienste-instelling ontvang;
- (xiii) "verbruikersinstallasie" 'n pypleiding, meter, toebehoorsel of apparaat wat deur 'n verbruiker geïnstalleer of gebruik word om toegang tot waterdienste te verkry;
- (xiv) "voorskryf" by regulasie voorgeskryf;
- (xv) "waterdienste" watervoorsieningsdienste en sanitasiedienste;
- (xvi) "waterdienste-instelling" 'n waterdienste-owerheid, 'n waterdiensteverskaffer, 'n waterraad en 'n waterdienstekomitee;
- (xvii) "waterdienste-owerheid" 'n munisipaliteit verantwoordelik vir die versekering van toegang tot waterdienste;
- (xviii) "waterdienstetussenganger" 'n persoon wat ingevolge 'n kontrak verplig is om waterdienste aan 'n ander persoon te verskaf waar die verpligting om waterdienste te verskaf bykomend is by die hoofdoel van daardie kontrak;
- (xix) "waterdiensteverskaffer" 'n persoon wat waterdienste aan verbruikers verskaf, maar sluit dit nie 'n waterdienstetussenganger in nie;
- (xx) "waterdienstewerk" 'n reservoir, dam, put, pomphuis, boorgat, toegangspad,

- pompinstallasie, elektrisiteitstranmissielyn, pypleiding, meter, toebehoorsel of apparaat gebou, geïnstalleer of gebruik deur 'n waterdienste-instelling om waterdienste te verskaf;
- (xxi) "watervoorsieningsdienste" die uitneem, vervoer, behandeling en verspreiding van drinkbare water of water wat bedoel is om na drinkbare water omgeskakel te word;
- (xxii) "wegdoen van nywerheidsuitvloeisel" die versameling, verwydering, wegdoen of suiwering van uitvloeisel voortspruitend uit die nywerheidsgebruik van water.

Hoofogmerke van Wet

2. Die hoofogmerke van hierdie Wet is om voorsiening te maak vir—
- (a) die reg van alle Suid-Afrikaners op toegang tot basiese watervoorsiening en basiese sanitasie wat nodig is om aan hulle voldoende water en 'n omgewing wat nie skadelik vir hulle gesondheid of welsyn is nie, te bied;
- (b) die stel van nasionale standarde en norme en standarde vir tariewe ten opsigte van waterdienste;
- (c) die opstel en aanvaarding van waterdienste-ontwikkelingsplanne deur waterdienste-owerhede;
- (d) 'n reguleringsraamwerk vir waterdienste-instellings en waterdienstetussengangers;
- (e) die instelling en afskaffing van waterrade en waterdienstekomitees en hulle pligte en bevoegdhede;

- (f) die monitering van waterdienste en ingryping deur die Minister of deur die betrokke Provinsie;
- (g) finansiële bystand aan waterdienste-instellings; en
- (h) die insameling van inligting in 'n nasionale inligtingstelsel en die verspreiding van daardie inligting.

Reg op toegang tot basiese watervoorsiening en basiese sanitasie

3. (1) Elkeen het 'n reg op toegang tot basiese watervoorsiening en basiese sanitasie.

(2) Elke waterdienste-owerheid moet—

- (a) redelike maatreëls tref om aan hierdie reg uitvoering te gee; en
- (b) in sy ontwikkelingsplan voorsiening maak vir daardie maatreëls.

Voorwaardes vir verskaffing van waterdienste

4. (1) Waterdienste moet op voorwaardes wat deur die waterdiensteverskaffer gestel is, verskaf word.

(2) Hierdie voorwaardes moet—

- (a) toeganklik wees vir die publiek;
- (b) ooreenstem met die voorwaardes vir die verskaffing van waterdienste wat in verordeninge vervat is wat deur die waterdienste-owerheid wat jurisdiksie in

die betrokke gebied het, uitgevaardig is; en

(c) voorsiening maak vir—

(i) die tegniese verskaffingsvoorwaardes;

(ii) die bepaling en struktuur van tariewe;

(iii) die voorwaardes vir betaling; en

(iv) die omstandighede waaronder waterdienste ingekort of gestaak kan word.

(3) Prosedures vir die inkorting of staking van waterdienste moet—

(a) regverdig en billik wees; en

(b) voorsiening maak vir redelike waarskuwing van inkorting of staking, tensy—

(i) ander verbruikers benadeel word;

(ii) daar 'n noodsituasie heers; of

(iii) die verbruiker ingemeng het met 'n ingekorte of gestaakte diens.

(4) Elke persoon wat waterdienste gebruik wat deur 'n waterdiensteverskaffer voorsien word, gebruik dit onderworpe aan enige geldende voorwaardes wat deur daardie waterdiensteverskaffer gestel is.

(5) Waar een waterdienste-instelling waterdienste verskaf aan 'n ander waterdienste-instelling, mag hy daardie dienste nie inkort of staak nie indien die uitwerking sal wees dat basiese watervoorsiening en basiese sanitasie nie meer beskikbaar sal wees nie, tensy hy skriftelik minstens 30 dae kennis van sy voorneme om dit te doen, gegee het aan—

(a) die ander waterdienste-instelling;

(b) die betrokke Provinsie; en

(c) die Minister.

Voorrang vir voorsiening van basiese watervoorsiening en basiese sanitasie

5. Indien 'n waterdienste-instelling nie in staat is om in die behoeftes van al sy verbruikers te voorsien nie, moet hy voorrang verleen aan die verskaffing van basiese watervoorsiening en basiese sanitasie.

Toegang tot waterdienste deur bemiddeling van waterdiensteverskaffer

6. (1) Behoudens subartikel (2) mag niemand waterdienste gebruik uit 'n ander bron as 'n waterdiensteverskaffer benoem deur die waterdienste-owerheid wat jurisdiksie in die betrokke gebied het, sonder die goedkeuring van daardie waterdienste-owerheid nie.

(2) 'n Persoon wat by die inwerkingtreding van hierdie Wet waterdienste gebruik het van 'n bron anders as een wat deur die betrokke waterdienste-owerheid benoem is, kan met sodanige gebruik voortgaan, maar moet binne vyf jaar vanaf die datum van inwerkingtreding van hierdie Wet om goedkeuring aansoek doen en indien die aansoek nie slaag nie, binne 'n tydperk deur die waterdienste-owerheid beperk van die dienste van die benoemde waterdiensteverskaffer gebruik maak.

Toegang tot water vir nywerheidsgebruik

7. (1) Behoudens subartikel (3) mag water nie vir nywerheidsgebruik gebruik word uit 'n ander bron as die verspreidingstelsel van 'n waterdiensverskaffer benoem deur die waterdienste-owerheid wat jurisdiksie in die betrokke gebied het, sonder die goedkeuring van daardie waterdienste-owerheid nie.

(2) Behoudens subartikel (3) mag geen persoon nywerheidsuitvloeisel wegdoen op 'n wyse anders as dié wat goedgekeur is deur die waterdienste-owerheid wat jurisdiksie in die betrokke gebied het nie.

(3) Iemand wat, by die inwerkingtreding van hierdie Wet—

(a) water vir nywerheidsgebruik gebruik het; of

(b) nywerheidsuitvloeisel weggedoen het,

op 'n wyse waarvoor die goedkeuring van 'n waterdienste-owerheid nodig is, kan so voortgaan maar moet binne vyf jaar na die datum van inwerkingtreding van hierdie Wet aansoek doen om goedkeuring en indien goedkeuring geweier word, binne 'n bepaalde tydperk oorskakel na die wyse goedgekeur deur die waterdienste-owerheid.

(4) Geen goedkeuring gegee deur 'n waterdienste-owerheid kragtens hierdie artikel onthef enigiemand van die verpligting om die bepalings van enige ander wet na te kom betreffende—

(a) die uitneem en gebruik van water; en

(b) die wegdoen van uitvloeisel nie.

Goedkeurings en appèl

8. (1) Enige goedkeuring wat verlang word van 'n waterdienste-owerheid ingevolge artikel 6 of 7—

- (a) mag nie onredelik geweier word nie; en
- (b) kan gegee word onderhewig aan voorwaardes, wat—
 - (i) redelik moet wees; en
 - (ii) 'n voorwaarde kan insluit dat waterdienste aan andere verskaf moet word.

(2) By die bepaling van redelikheid ingevolge subartikel (1) moet daar ag geslaan word op—

- (a) die koste;
 - (b) die bestuur; en
 - (c) die gehalte en betroubaarheid,
- van die betrokke dienste.

(3) Daar is 'n appèl na die Minister teen enige besluit van 'n waterdienste-owerheid ingevolge artikel 6 of 7 rakende die redelikheid van—

- (a) die weiering van 'n goedkeuring; of
- (b) enige voorwaarde rakende enige goedkeuring.

(4) Die Minister kan op appèl enige besluit van die waterdienste-owerheid bevestig, wysig of intrek.

(5) Artikel 75 is van toepassing op enige appèl kragtens subartikel (3).

HOOFSTUK II

Standaarde en tariewe

Standaarde

9. (1) Die Minister kan van tyd tot tyd verpligte nasionale standaarde voorskryf rakende—

- (a) waterdienste;
- (b) die gehalte van water geneem uit of losgelaat in enige stelsel;
- (c) die doeltreffende en volhoubare gebruik van waterhulpbronne vir waterdienste;
- (d) die aard, bedryf, volhoubaarheid, bedryfsdoeltreffendheid en ekonomiese lewensvatbaarheid van waterdienste;
- (e) kwalifikasies van installeerders en operateurs van waterdienste; en
- (f) die ontwerpe, standaarde en gehalte van waterdienstewerke en verbruikersinstallasies.

(2) Daardie standaarde kan differensieer tussen verskillende tipes geografiese gebied, met inagneming van onder andere die sosio-ekonomiese en fisiese eienskappe van elke gebied.

(3) By die voorskryf van standaarde kragtens subartikel (1) moet die Minister ag slaan op—

- (a) die behoefte aan 'n redelike lewensgehalte vir elkeen;

- (b) die billike toegang tot waterdienste;
- (c) die bedryfsdoeltreffendheid en ekonomiese lewensvatbaarheid van waterdienste;
- (d) enige toepaslike tarief vir waterdienste;
- (e) enige ander wette of standarde gestel deur ander owerheidsliggame;
- (f) enige riglyne aanbeveel deur amptelike instellings wat standarde stel;
- (g) enige uitwerking wat die waterdienste op die omgewing kan hê; en
- (h) die verpligtinge van die Nasionale Regering as die bewaarder van waterhulpbronne.

(4) Elke waterdienste-instelling moet voldoen aan nasionale standarde wat deur die Minister voorgeskryf is.

Norme en standarde vir tariewe

10. (1) Die Minister kan met die instemming van die Minister van Finansies, van tyd tot tyd norme en standarde ten opsigte van tariewe vir waterdienste voorskryf.

(2) Die norme en standaard kan op 'n billike grondslag differensieer tussen—

- (a) verskillende tipes geografiese gebied, met inagneming van, onder andere die sosio-ekonomiese en fisiese eienskappe van elke gebied; en
- (b) verskillende tipes waterdienste.

(3) By die voorskryf van die norm en standaard moet die Minister

ag slaan op—

- (a) enige nasionale standarde deur hom of haar voorgeskryf;
- (b) maatskaplike billikheid;
- (c) die Finansiële volhoubaarheid van die waterdienste in die betrokke geografiese gebied;
- (d) die verhaling van koste wat redelikerwys met die verskaffing van die waterdienste gepaard gaan;
- (e) die delgingstydperk van enige lenings; en
- (f) die behoefte aan 'n opbrengs op geïnvesteerde kapitaal.

(4) Geen waterdienste-instelling mag 'n tarief gebruik wat wesenlik van enige voorgeskrewe norm en standarde verskil nie.

HOOFSTUK III

Waterdienste-owerhede

Plig om toegang tot waterdienste te verskaf

11. (1) Elke waterdienste-owerheid het 'n plig teenoor alle verbruikers of potensiële verbruikers in sy regsgebied om doeltreffende, bekostigbare, ekonomiese en volhoubare toegang tot waterdienste progressief te verseker.

(2) Hierdie plig is onderworpe aan—

- (a) die beskikbaarheid van hulpbronne;

- (b) die behoefte aan 'n billike toewysing van hulpbronne aan alle verbruikers en potensiële verbruikers binne die owerheid se regsgebied;
- (c) die behoefte aan die regulering van toegang tot waterdienste op billike wyse;
- (d) die plig van verbruikers om redelike heffings te betaal, wat in ooreenstemming moet wees met enige voorgeskrewe norm en standarde vir tariewe vir waterdienste;
- (e) die plig om waterhulpbronne te bewaar;
- (f) die aard, topografie, sonering en ligging van die betrokke grond; en
- (g) die reg van die betrokke waterdienste-owerheid om die verskaffing van waterdienste in te kort of te staak indien daar versuim word om aan redelike voorwaardes vir die verskaffing van sodanige dienste gestel, te voldoen.

(3) By die versekering van toegang tot waterdienste moet 'n waterdienste-owerheid ag slaan op—

- (a) alternatiewe maniere om toegang tot waterdienste te verskaf;
- (b) die behoefte aan streekdoeltreffendheid;
- (c) die behoefte om skaalvoordele te benut;
- (d) die behoefte aan lae koste; en
- (e) die vereiste van billikheid.

(4) 'n Waterdienste-owerheid mag nie onredelik weier of versuim om toegang tot waterdienste aan 'n verbruiker of potensiële verbruiker in sy regsgebied te gee nie.

(5) In noodsituasies kan 'n waterdienste-owerheid basiese watervoorsiening en basiese sanitasie gratis verskaf aan enige persoon in sy regsgebied.

(6) 'n Waterdienste-owerheid kan redelike beperkings op die gebruik van waterdienste plaas.

Monitering van prestasie van waterdiensteverskaffers en waterdienstetussengangers

12. Elke waterdienste-owerheid moet die prestasie van waterdiensteverskaffers en waterdienstetussengangers in sy regsgebied moniteer.

Plig om 'n konsep-waterdienste-ontwikkelingsplan op te stel

13. (1) Binne een jaar na die inwerkingtreding van hierdie Wet moet elke waterdienste-owerheid 'n konsep-waterdienste-ontwikkelingsplan vir sy regsgebied as deel van die proses vir die opstelling van enige geïntegreerde ontwikkelingsplan ingevolge die Oorgangswet op Plaaslike Regering, 1993 (Wet 209 van 1993) en 'n opsomming van daardie plan opstel.

(2) Die Minister kan die een jaar tydperk ten opsigte van 'n waterdienste-owerheid in oorleg met die Minister vir Provinsiale Sake en Grondwetlike Ontwikkeling; en die betrokke Provinsie, verleng.

Inhoud van konsep-waterdienste-ontwikkelingsplan

14. Elke konsep-waterdienste-ontwikkelingsplan moet besonderhede bevat—

- (a) van die fisiese eienskappe van die gebied waarop dit betrekking het;
- (b) van die grootte en verspreiding van die bevolking in daardie gebied;
- (c) van 'n tydrooster vir die plan, met inbegrip van die implementeringsprogram vir die volgende vyf jaar;
- (d) van bestaande waterdienste, met inbegrip van die aantal en ligging van persone binne die gebied aan wie basiese watervoorsiening en basiese sanitasie nie verskaf word nie;
- (e) betreffende die toekomstige voorsiening van waterdienste, met inbegrip van—
 - (i) die waterdiensteverskaffers wat daardie waterdienste sal verskaf;
 - (ii) die kontrakte en beoogde kontrakte met daardie waterdiensteverskaffers;
 - (iii) die beoogde infrastruktuur wat vir die waterdienste nodig is;
 - (iv) die waterbronne wat gebruik staan te word en die hoeveelheid water wat uit elke bron verkry en in elke bron losgelaat staan te word; en
 - (v) die geraamde kapitaal- en bedryfskoste van daardie waterdienste en die Finansiële reëlins om daardie waterdienste te befonds, met inbegrip van die tariefstrukture;
- (f) van die aantal en ligging van persone aan wie waterdienste nie binne die volgende vyf jaar verskaf sal word nie, tesame met—
 - (i) die redes daarvoor; en

- (ii) die tydraamwerk waarbinne daar redelikerwys verwag kan word dat basiese watervoorsiening en basiese sanitasie aan daardie persone verskaf sal word; en
- (g) van bestaande en voorgestelde waterbewaringsmaatreëls.

Kennisgewing van konsep-waterdienste-ontwikkelingsplan

15. 'n Waterdienste-owerheid moet—

- (a) redelike stappe doen om sy konsep-waterdienste-ontwikkelingsplan onder die aandag van sy verbruikers en potensiele verbruikers te bring;
- (b) skriftelike kommentaar daarop vra vir voorlegging binne 'n redelike tyd; en
- (c) afskrifte van die konsep-waterdienste-ontwikkelingsplan en van alle kommentaar daarop wat ontvang is, aan die Minister, die betrokke provinsie en alle aangrensende waterdienste-owerhede stuur.

(2) 'n Afskrif van die konsep-waterdienste-ontwikkelingsplan en van die opsomming daarvan moet—

- (a) beskikbaar wees vir insae by die kantore van die waterdienste-owerheid; en
- (b) verkrygbaar wees teen betaling van 'n nominale bedrag.

Aanneming van waterdienste-ontwikkelingsplan

16. (1) 'n Waterdienste-owerheid moet alle kommentaar oorweeg alvorens hy 'n waterdienste-ontwikkelingsplan aanneem.

(2) 'n Kennisgewing dat 'n waterdienste-ontwikkelingsplan aanvaar is, moet in die betrokke provinsiale koerant gepubliseer word.

(3) 'n Waterdienste-owerheid moet 'n afskrif van elke ontwikkelingsplan aan die Minister, die Minister vir Provinsiale Sake en Grondwetlike ontwikkeling, die betrokke Provinsie en alle aangrensende

waterdienste-owerhede verskaf.

(4) 'n Afskrif van die ontwikkelingsplan moet—

- (a) beskikbaar wees vir insae by die kantore van die waterdienste-owerheid;
- (b) verkrygbaar wees teen betaling van 'n nominale bedrag; en
- (c) moet deel vorm van enige geïntegreerde ontwikkelingsplan soos omskryf in en vereis deur Oorgangswet op Plaaslike Regering, 1993 (Wet No. 209 van 1993).

Nuwe ontwikkelingsplan

17. 'n Waterdienste-owerheid moet met die tussenposes bepaal deur die Minister in oorleg met die Minister vir Provinsiale Sake en Grondwetlike Ontwikkeling in die betrokke Provinsie, 'n nuwe waterdienste-ontwikkelingsplan aanvaar ooreenkomstig die prosedure uiteengesit in artikels 13 tot 16.

Afwyking van ontwikkelingsplan

18. Geen wesenlike afwyking van 'n ontwikkelingsplan is geldig nie tensy dit in 'n nuwe ontwikkelingsplan opgeneem is wat ooreenkomstig die prosedure uiteengesit in artikels 13 tot 16 aangeneem is.

Verslagdoening oor implementering van ontwikkelingsplan

19. (1) 'n Waterdienste-owerheid moet verslag doen oor die implementering van sy ontwikkelingsplan gedurende elke finansiële jaar.

(2) Die verslag—

- (a) moet gedoen word binne vier maande na die einde van elke finansiële jaar; en
- (b) moet gegee word aan die Minister, die Minister vir Provinsiale Sake en Grondwetlike Ontwikkeling, die betrokke Provinsie en alle aangrensende waterdienste-owerhede.

(3) Die waterdienste-owerheid moet 'n opsomming van sy verslag bekend maak.

(4) 'n Afskrif van die verslag en van sy opsomming moet—

- (a) beskikbaar wees vir insae by die kantore van die waterdienste-owerheid; en
- (b) verkrygbaar wees teen betaling van 'n nominale bedrag.

Kontrakte met waterdiensteverskaffers

20. (1) 'n Waterdienste-owerheid moet óf self die werksaamhede van 'n waterdiensteverskaffer verrig óf 'n skriftelike kontrak met 'n waterdiensteverskaffer sluit om waterdienste te verskaf.

(2) Voor die sluiting van 'n kontrak met 'n waterdiensteverskaffer moet die waterdienste-owerheid—

- (a) sy voorneme om dit te doen, openbaar maak; en
- (b) die verkrygingsprosedures volg wat by die Grondwet of by enige ander wet vereis word.

(3) Die Minister kan na oorleg met die Minister vir Provinsiale Sake en Grondwetlike Ontwikkeling—

(a) aangeleenthede wat deur 'n kontrak tussen 'n waterdiensteverskaffer en 'n waterdienste-owerheid gereguleer moet word; en

(b) verpligte bepalings wat in die kontrak opgeneem moet word, voorskryf om te verseker—

(i) dat waterdienste op 'n doeltreffende, billike en volhoubare grondslag verskaf word;

(ii) dat die bepalings van die kontrak regverdig en billik is vir die waterdienste-owerheid, die waterdiensteverskaffer en die verbruiker; en

(iii) dat hierdie Wet nagekom word.

(4) Sodra so 'n kontrak gesluit is, moet die waterdienste-owerheid 'n afskrif daarvan aan die betrokke Provinsie en aan die Minister gee.

(5) Die Minister kan modelkontrakte verskaf as 'n riglyn vir kontrakte tussen waterdienste-owerhede en waterdiensteverskaffers.

Waterdienste-owerheid wat as waterdiensteverskaffer optree

21. (1) Wanneer hy die werksaamhede van 'n waterdiensteverskaffer verrig, moet 'n waterdienste-owerheid daardie funksies afsonderlik bestuur en afsonderlik daarvan rekening hou.

(2) 'n Waterdienste-owerheid kan as 'n waterdiensteverskaffer buite sy regsgebied optree indien hy daartoe gekontrakteer word deur die waterdienste-owerheid vir die betrokke gebied.

Verordeninge

22. (1) Elke waterdienste-owerheid moet verordeninge uitvaardig wat voorwaardes bevat vir die verskaffing van waterdienste, wat voorsiening moet maak vir minstens—

- (a) die standaard van die dienste;
- (b) die tegniese voorsieningsvoorwaardes, met inbegrip van eenhede of standaarde van meting, verifikasie van meters, foutperke en beslegting van geskille rakende die meet van waterdienste wat verskaf is;
- (d) die installering, verandering, bedryf, beskerming en inspeksie van waterdienstewerke en verbruikersinstallasies;
- (d) die bepaling en struktuur van tariewe;
- (e) die betaling en invordering van geld verskuldig vir die waterdienste;
- (f) die omstandighede waaronder waterdienste ingekort of gestaak kan word en die prosedures vir sodanige inkorting of staking; en
- (g) die voorkoming van onwettige of verkwistende gebruik van water.

(2) Voorwaardes waarop waterdienste verskaf word—

- (a) kan perke plaas op die gebiede aan wie water voorsien sal word volgens die aard, topografie, sonering en ligging van die betrokke grond;

- (b) kan voorsiening maak vir die inkorting of staking van waterdienste waar 'n verbruiker versuim om sy of haar verpligtinge aan die waterdiensteverskaffer na te kom, met inbegrip van—
- (i) versuim om vir dienste te betaal; of
 - (ii) versuim om ander voorwaardes vir die verskaffing van dienste na te kom;
- (c) kan 'n verpligting plaas op 'n wanbetaler—
- (i) om 'n groter deposito te betaal;
 - (ii) om 'n heraansluitgeld te betaal nadat waterdienste gestaak is; en
 - (iii) om rente te betaal op agterstallige bedrae;
- (d) kan 'n opsie insluit om beperkte toegang tot minstens basiese watervoorsiening en basiese sanitasie te behou vir 'n verbruiker wie se waterdienste gestaak staan te word; en
- (e) moet toeganklik wees vir verbruikers en potensiële verbruikers.

(3) Die Minister kan modelverordeninge verskaf as 'n riglyn vir waterdienste-owerhede.

HOOFSTUK V

Waterdiensteverskaffers

Goedkeuring om as waterdiensteverskaffer op te tree

23. (1) Niemand mag sonder die goedkeuring van die waterdienste-owerheid wat jurisdiksie in die betrokke gebied het, as 'n waterdiensteverskaffer optree nie.

(2) Enige goedkeuring kragtens subartikel (1)—

- (a) moet vir 'n beperkte tyd wees, wat hernieu kan word; en
- (b) kan onderworpe aan voorwaardes wees.

(3) Enige persoon wat by die inwerkingtreding van hierdie Wet as 'n waterdiensteverskaffer opgetree het sonder goedkeuring van die waterdienste-owerheid wat jurisdiksie in die betrokke gebied het, kan voortgaan om dit te doen tot en met die verstryking van redelike kennis gegee deur daardie waterdienste-owerheid—

- (a) dat hy vereis dat die verskaffer 'n kontrak moet aangaan; of
- (b) dat die voortsetting onderworpe is aan goedkeuring beoog in subartikel (1).

Waterdiensteverskaffer moet inligting verstrek

24. 'n Waterdiensteverskaffer moet inligting rakende die verskaffing van waterdienste verstrek wat redelikerwys aangevra word deur—

- (a) die waterdienste-owerheid wat jurisdiksie in die betrokke gebied het;
- (b) die betrokke Provinsie;
- (c) die Minister; of
- (d) 'n verbruiker of potensiële verbruiker.

HOOFSTUK V

Waterdienstetussengangers

Registrasie van waterdienstetussengangers

25. 'n Waterdienste-owerheid kan, in sy verordenings, vereis dat waterdienstetussengangers of klasse tussengangers in sy regsgebied geregistreer word.

Pligte van waterdienstetussengangers

26. (1) Die gehalte, hoeveelheid en volhoubaarheid van waterdienste verskaf deur 'n waterdienstetussenganger moet voldoen aan enige minimum standarde deur die Minister voorgeskryf en enige minimum standarde deur die betrokke waterdienste-owerheid voorgeskryf.

(2) 'n Waterdienstetussenganger mag nie vir waterdienste bedrae vorder teen 'n tarief wat nie aan enige voorgeskrewe norme en standarde kragtens hierdie Wet bepaal, voldoen nie.

Wanprestasie deur waterdienstetussengangers

27. (1) Indien 'n waterdienstetussenganger versuim om sy

werksaamhede doeltreffend te verrig, kan die waterdienste-owerheid wat jurisdiksie in die betrokke gebied het, gelas dat die waterdienstetussenganger sy versuim regstel.

(2) 'n Lasgewing ingevolge subartikel (1) moet—

- (a) die aard van die versuim;
 - (b) die stappe wat gedoen moet word om die versuim reg te stel; en
 - (c) die tydperk waarin daardie stappe gedoen moet word,
- uiteensit.

(3) Indien die waterdienstetussenganger nie sy versuim binne die voorgeskrewe tyd regstel nie, kan die waterdienste-owerheid—

- (a) nadat hy aan die waterdienstetussenganger 'n redelike geleentheid gegee het om verhoë tot hom te rig; en
- (b) nadat hy die waterdienstetussenganger aangehoor het oor enige verhoë wat ontvang is,

die betrokke werksaamhede namens die waterdienstetussenganger oorneem.

(4) Waar 'n waterdienste-owerheid enige werksaamhede ingevolge subartikel (3) oorneem—

- (a) kan hy alle tersaaklike bevoegdhede uitoefen en alle tersaaklike pligte namens die waterdienstetussenganger uitvoer tot uitsluiting van die waterdienstetussenganger; en
- (b) kan hy die infrastruktuur van die waterdienstetussenganger gebruik in soverre dit nodig is om daardie werksaamhede te verrig.

(5) 'n Waterdienste-owerheid kan 'n waterdienste-instelling aanstel

om namens hom op te tree by die verrigting van die werksaamhede van 'n waterdienstetussenganger ingevolge subartikel (4).

(6) Sodra 'n waterdienstetussenganger in 'n posisie is om sy werksaamhede doeltreffend te hervat, moet die waterdienstste-owerheid ophou om die bevoegdhede uit te oefen en die pligte uit te voer namens die tussenganger.

(7) 'n Waterdienstste-owerheid kan van 'n waterdienstetussenganger verhaal—

(a) alle uitstaande onkoste wat hy aangegaan het; en

(b) alle verliese wat hy gely het,

as gevolg van optrede ingevolge hierdie artikel.

HOOFSTUK VI

Waterrade

Instelling en afskaffing van waterrade

28. Die Minister kan—

(a) 'n waterraad instel;

(b) die waterraad 'n naam gee of sy naam verander;

(c) sy diensgebied bepaal of verander; of

(d) die waterraad afskaf,

by kennisgewing in die *Staatskoerant* na oorleg met—

- (i) elke betrokke Provinsie; en
- (ii) die betrokke waterraad, indien dit bestaan; en
- (iii) elke waterdienste-owerheid wat jurisdiksie in die diensgebied het ;of
- (iv) elke statutêr erkende organisasie wat munisipaliteite verteenwoordig wat jurisdiksie in die diensgebied het.

Primêre bedrywigheid van waterrade

29. Die primêre bedrywigheid van 'n waterraad is om waterdienste aan ander waterdienste-instellings in sy diensgebied te verskaf.

Ander bedrywigheide van waterrade

30. (1) 'n Waterraad kan ander bedrywigheide as sy primêre bedrywigheid verrig slegs indien—

- (a) dit nie die waterraad se vermoë om sy primêre bedrywigheid te verrig, sal beperk nie;
- (b) dit nie tot finansiële nadeel van die waterraad, enige waterdienste-instelling, bestaande verbruikers en ander gebruikers wat deur hom binne sy diensgebied bedien word, sal strek nie;
- (c) dit in ooreenstemming met die raad se beleidsverklaring is; en
- (d) voorsiening daarvoor gemaak is in 'n sakeplan.

(2) Ander bedrywigheide van 'n waterraad sluit in, maar is nie

beperk nie tot—

- (a) die verskaffing van bestuursdienste, opleiding en ander steundienste aan waterdienste-owerhede;
- (b) die voorsiening van onbehandelde of nie-drinkbare water aan eindgebruikers wat die water nie vir huishoudelike doeleindes gebruik nie;
- (c) die verskaffing van opvanggebiedbestuursdienste aan of namens die verantwoordelike owerhede; en
- (d) met die goedkeuring van die waterdienste-owerheid wat jurisdiksie in die gebied het—
 - (i) die voorsiening van water regstreeks vir nywerheidsgebruik;
 - (ii) die aanvaarding van nywerheidsuitvloei; en
 - (iii) optrede as waterdiensteverkaffer.

Bevoegdhede van waterrade

31. (1) 'n Waterraad is 'n regspersoon en het die bevoegdhede van 'n natuurlike persoon met volle regsbevoegdheid, uitgesonderd—

- (a) dié wat uit die aard daarvan slegs aan natuurlike persone kan behoort; en
- (b) dié wat by hierdie Wet, die raad se beleidsverklaring of 'n sakeplan uitgesluit word of strydig daarmee is.

(2) 'n Waterraad kan—

- (a) sy primêre bedrywigheid en die ander bedrywighede beoog in artikel 30, verrig; en

- (b) voorwaardes, met inbegrip van tariewe, stel vir die verskaffing van waterdienste.

(3) Behoudens die beperkings vervat in artikel 4 kan 'n waterraad waterdienste of ander dienste wat aan waterdienste-instellings, verbruikers of gebruikers verskaf word, inkort of staak.

(4) 'n Waterraad kan—

- (a) adviesforums; en
(b) komitees van die raad,
instel.

Pligte van waterrade

32. Elke waterraad—

- (a) moet voorrang verleen aan sy primêre bedrywigheid;
- (b) moet skriftelike kontrakte sluit wanneer hy sy primêre en ander bedrywighede verrig;
- (c) moet elke versoek deur 'n waterdienste-instelling vir die verskaffing van waterdienste aan hom binne sy diensgebied oorweeg en kan sodanige versoek weier slegs indien, om gegronde tegniese en finansiële redes, dit nie lewensvatbaar sal wees om daardie waterdienste te verskaf nie;
- (d) moet waterdienste en ander dienste aan waterdienste-instellings, verbruikers en gebruikers verskaf ooreenkomstig artikel 4 en enige voorwaardes ingevolge artikel 33 gestel; en

- (e) moet 'n permit, magtiging of lisensie van die betrokke owerheid kry vir—
 - (i) die uitneem van water; of
 - (ii) die loslaat van enige uitvloeisel.

Voorwaardes vir verskaffing van dienste

33. (1) 'n Waterraad moet voorwaardes vir die verskaffing van dienste wat nie met hierdie Wet strydig is nie, stel met betrekking tot minstens—

- (a) die tegniese verskaffingsvoorwaardes, met inbegrip van eenhede of standaarde van meting, verifikasie van meters, foutperke en beslegting van geskille rakende die meet van waterdienste wat verskaf is;
- (b) die installering, wysiging, bedryf, beskerming en inspeksie van waterdienstewerke en verbruikersinstallasies;
- (c) die bepaling en struktuur van tariewe;
- (d) die betaling en invordering van geld verskuldig aan die waterraad;
- (e) die omstandighede waaronder waterdienste ingekort of gestaak kan word en die prosedure vir sodanige inkorting of staking; en
- (f) die voorkoming van onwettige of verkwistende gebruik van water wat deur die waterraad voorsien word.

(2) 'n Waterraad moet openbare kommentaar vra voordat hy die voorwaardes stel.

(3) Voorwaardes deur 'n waterraad gestel, moet aan die Minister voorgelê word en tree in werking wanneer—

- (a) dit deur die Minister goedgekeur is; en
- (b) dit in die *Staatskoerant* gepubliseer word.

(4) Voorwaardes wat deur 'n waterraad gestel word, moet vir die publiek toeganklik wees.

(5) Elke persoon wat dienste gebruik wat deur 'n waterraad verskaf word, doen dit onderworpe aan enige toepaslik voorwaardes deur daardie raad gestel.

Parameters vir werksaamhede van waterrade

34. (1) By die verrigting van sy bedrywighede, die uitoefening van sy bevoegdhede en die uitvoering van sy pligte moet 'n waterraad—

- (a) poog om doeltreffende, betroubare en volhoubare waterdienste te verskaf;
- (b) beskikbare hulpbronne optimaal gebruik;
- (c) poog om finansieel lewensvatbaar te wees;
- (d) die doeltreffendheid van waterdienste-owerhede bevorder;
- (e) let op die behoefte van waterdienste-instellings, verbruikers en gebruikers;
- (f) nasionale en provinsiale beleid, oogmerke en ontwikkelinge in ag neem;
- (g) op 'n billike, deursigtige en regverdige wyse optree; en
- (h) let op gesondheid en die omgewing.

(2) Vir doeleindes van subartikel (1)(c) is 'n waterraad finansieel lewensvatbaar indien hy in staat is om sy kapitaalkoste, bedryfs- en instandhoudingskoste, waardevermindering van bates en koste wat verband hou

met die terugbetaal van kapitaal, te verhaal uit inkomste (met inbegrip van subsidies) oor tyd, en om 'n redelike opbrengs op investering te toon.

Beheer van waterrade

35. (1) 'n Waterraad bestaan uit 'n voorsitter en die ander lede wat die Minister van tyd tot tyd bepaal.

(2) Die Minister moet die voorsitter en lede van die raad aanstel.

(3) Wanneer die Minister 'n lid aanstel, moet hy ag slaan op—

- (a) die oogmerke van die waterraad;
- (b) die nodigheid vir die raad om verteenwoordigend te wees van die breë bevolking en van die belange wat hy dien;
- (c) die kundigheid wat nodig is sodat die raad doeltreffend kan funksioneer; en
- (d) die wesenlikheid al dan nie dat uitvoerende werknemers lede van die raad moet wees.

(4) Die Minister kan die aanstelling van enige van of al die lede van 'n waterraad beëindig.

(5) Lede van 'n waterraad kan uit die fondse van die waterraad betaal word volgens 'n vlak van besoldiging deur die Minister goedgekeur.

Hoof uitvoerende beampte van waterrade

36. (1) Elke waterraad moet—

- (a) 'n geskikte persoon aanstel as hoof uitvoerende beampte van die waterraad, vir 'n hernubare termyn van hoogstens vyf jaar; en
- (b) die pligte, diensvoorwaardes en besoldiging van die hoof uitvoerende

beampte bepaal.

(2) 'n Waterraad kan uit eie beweging die dienste van die hoof uitvoerende beampte van die waterraad beëindig, of die Minister kan, na oorleg met die raad, en behoudens enige bestaande regte van 'n persoon wat voor die inwerkingtreding van hierdie Wet aangestel is, gelas om dit te doen—

- (a) om goeie redes; en
- (b) ooreenkomstig billike arbeidspraktyke en die bepalinge van sy of haar dienskontrak.

Delegasie van bevoegdhede

37. 'n Waterraad kan enige bedryfsbevoegdheid deleger aan—

- (a) 'n komitee van die raad;
- (b) sy hoof uitvoerende beampte; of
- (c) enige van sy werknemers.

Pligte van die lede van waterrade

38. (1) 'n Waterraad moet—

- (a) verseker dat sy bedrywighede verrig word en sy bevoegdhede en pligte uitgeoefen word binne die parameters gestel in artikel 34(1); en
- (b) die raad se beleidsverklaring en sakeplan bevorder en implementeer.

(2) Lede van 'n waterraad moet—

- (a) hulle pligte met eerlikheid, sorgsaamheid en ywer uitvoer; en
- (b) enige botsing van belange openbaar.

Beleidsverklaring

39. (1) 'n Waterraad moet 'n beleidsverklaring opstel en aanvaar.

(2) Die eerste beleidsverklaring van die raad moet binne een jaar na die inwerkingtreding van hierdie Wet opgestel en aangeneem word.

(3) Die beleidsverklaring moet inligting bevat betreffende die waterraad en alle ander maatskappye, instellings of liggame waarin hy 'n belang het, met inbegrip van—

- (a) die aard en omvang van die primêre en ander bedrywighede wat onderneem staan te word;
- (b) die gebied waarin die bedrywighede onderneem gaan word;
- (c) die maatreëls wat getref moet word om die primêre en ander bedrywighede van mekaar te skei;
- (d) besonderhede rakende die bestuur van enige finansiële risiko's rakend die raad se primêre en ander bedrywighede;
- (e) die raad se rekeningkundige en investeringsbeleid;
- (f) die reëls en prosedures wat gevolg moet word alvorens enige investering deur die raad gedoen word;
- (g) die raad se beleid ten opsigte van mensehulpbronne en mensehulpbronontwikkeling;

- (h) die raad se beleid ten opsigte van die omgewing;
- (i) die maatstawwe waarmee die prestasie van die waterraad geëvalueer sal word;
- (j) of enige adviesforums ingestel is of staan te word en, indien wel, die take en aanstelling daarvan;
- (k) die prosedures vir oorlegpleging met waterdienste-instellings, verbruikers en gebruikers en adviesforums, indien dit ingestel is;
- (l) die aard en omvang van bedrywighede wat daarop gemik is om toegang te verseker tot waterdienste wat deur die raad in sy diensgebied verskaf word, en die uitbreiding en verbetering van daardie dienste; en
- (m) enige ander inligting wat die Minister van tyd tot tyd voorskryf.

(4) 'n Raad se beleidsverklaring kan van tyd tot tyd gewysig word en moet minstens elke vyf jaar hersien word.

(5) Elke beleidsverklaring van 'n raad moet aan die Minister voorgelê word en moet vir die publiek toeganklik wees.

(6) Die Minister kan 'n waterraad gelas om sy beleidsverklaring te wysig indien die beleidsverklaring—

- (a) nie in die beste belang van die breë bevolking binne sy diensgebied is nie; of
- (b) nie aan die parameters neergelê in artikel 34(1), voldoen nie.

Sakeplan

40. (1) 'n Waterraad moet, nie later nie as een maand voor die begin

van elke finansiële jaar, 'n sakeplan vir die volgende vyf finansiële jare opstel en aanvaar.

(2) Die sakeplan moet ten minste inligting bevat betreffende—

- (a) elke spesifieke primêre en ander bedrywigheid wat onderneem staan te word en die prestasietekens vir elke een;
- (b) die tarief van toepassing op elke diens, die metode waarvolgens dit bepaal is, die motivering van die tarief en die geraamde tariefinkomste;
- (c) voorspellings van kapitaalbesteding vir die primêre en ander bedrywigheide vir die volgende vyf jaar; en
- (d) enige ander inligting wat die Minister van tyd tot tyd voorskryf.

(3) 'n Sakeplan kan van tyd tot tyd gewysig word.

(4) Elke sakeplan moet aan die Minister voorgelê word.

(5) Die Minister kan 'n waterraad gelas—

- (a) om sy sakeplan te wysig indien die plan—
 - (i) nie in die beste belang van die breë bevolking binne sy diensgebied is nie; of
 - (ii) nie aan die parameters neergelê in artikel 34(1), voldoen nie; of
- (b) om bykomende sakeplanne voor te lê waarin spesifieke aangeleenthede aandag geniet.

Lasgewings aan waterrade

41. (1) Die Minister kan, in soverre dit redelik is, van tyd tot tyd

lasgewings aan 'n waterraad uitreik—

(a) om 'n spesifieke bedrywigheid te onderneem—

(i) op sy eie koste;

(ii) teen volle of gedeeltelike betaling, soos deur die Minister gelas; of

(b) om 'n spesifieke bedrywigheid te staak.

(2) Die waterraad moet gehoor gee aan enige lasgewing kragtens subartikel (1) gegee.

Verskillende bedrywighede moet as afsonderlike eenhede bestuur word

42. (1) 'n Waterraad moet sy primêre en elk van sy ander bedrywighede as afsonderlike eenhede bestuur.

(2) 'n Waterraad moet afsonderlike en gedetailleerde finansiële rekening vir sy primêre en elk van sy ander bedrywighede hou.

(3) Alle transaksies tussen eenhede van 'n waterraad betrokke by verskillende bedrywighede van die waterraad moet geskied volgens bepalings en voorwaardes wat verwag kan word van toepassing te wees op soortgelyke transaksies tussen onverwante ondernemings.

Finansiële aangeleenthede en rekening

43. (1) Die finansiële jaar van 'n waterraad is van 1 April tot 31 Maart.

(2) Die rekeninge van 'n waterraad moet geouditeer word deur 'n

geoktrooieerde rekenmeester wat deur die raad van die waterraad aangestel is.

(3) 'n Waterraad moet binne drie maande na die einde van elke finansiële jaar geouditeerde finansiële state uitreik.

(4) Die rekeningkundige beleid van 'n waterraad moet in ooreenstemming met algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyke wees.

Verslagdoening

44. (1) 'n Waterraad moet binne drie maande na die einde van elke finansiële jaar 'n verslag oor die bedrywighede van die waterraad vir daardie finansiële jaar uitreik.

(2) Die verslag moet—

- (a) vergesel gaan van die geouditeerde finansiële state vir daardie finansiële jaar;
- (b) aan die Minister voorgelê word; en
- (c) vir die publiek toeganklik wees.

(3) Die verslag moet voldoende inligting bevat om die Minister en die publiek in staat te stel om die prestasie van die waterraad te evalueer tenoor sy beleidsverklaring en sakeplan.

Verstreking van inligting

45. (1) 'n Waterraad moet die Minister of enige persoon deur hom of

haar gemagtig, voorsien van—

- (a) die inligting wat hy of sy nodig oor die sake en finansiële posisie van die waterraad; en
- (b) toegang tot die boeke, rekeninge, dokumente en bates van die waterraad wat hy of sy verlang.

(2) Die Minister kan 'n persoon aanstel om die sake of finansiële posisie van 'n waterraad te ondersoek.

(3) Die Minister kan die gelde en betalings van enige persoon wat aldus aangestel is, van die betrokke waterraad verhaal.

Bates en laste by afskaffing

46. (1) Indien die Minister, na oorlegpleging ingevolge artikel 28, 'n waterraad in kennis gestel het dat hy of sy van voorneme is—

- (a) om sy diensgebied te verander; of
- (b) om hom af te skaf,

kan die Minister daardie waterraad gelas om sommige van of al sy bates en verpligtinge aan 'n ander waterraad oor te dra.

(2) 'n Waterraad moet alles in sy vermoë doen om uitvoering aan daardie lasgewing te gee.

(3) by die afskaffing van 'n waterraad—

- (a) gaan sy bates en verpligtinge oor op die Minister;
- (b) moet die Minister die waterraad likwideer; en

(c) moet die Minister die werksaamhede van die waterraad oorneem vir die tydperk van likwidering.

(4) By die likwidering van 'n waterraad moet die Minister ag slaan op die belang van krediteure en gewese verbruikers van die waterraad.

(5) Geen hereregte, belasting op toegevoegde waarde, ander belasting of regte is betaalbaar nie ten opsigte van die oordag van enige bates—

(a) van die Minister aan 'n waterraad;

(b) van 'n waterraad aan die Minister; of

(c) van een waterraad aan 'n ander waterraad.

Litigasie teen waterraad

47. (1) Geen hof mag 'n bevel of uitspraak teen 'n waterraad gee nie tensy die dokumente waarop daardie bevel of uitspraak gegrond is, ook aan die Minister beteken is.

(2) Die hof kan, ten einde die voortgesette verskaffing van waterdienste in openbare belang te verseker, die reg van uitwinning van 'n vonnisskuldeiser beperk tot spesifieke bates of tot 'n spesifieke tydperk.

Formele onreëlmatighede

48. (1) Besluite of handeling wat te goeder trou geneem of verrig is deur 'n waterraad of 'n komitee van 'n waterraad, is geldig ondanks enige versuim

om aan 'n formele prosedurevereiste te voldoen.

(2) Geen besluit geneem deur of handeling verrig op gesag van 'n waterraad is ongeldig bloot weens 'n toevallige vakature in die raad of omdat 'n persoon wat nie geregtig was om op die raad te sit nie, aldus sitting geneem het toe die besluit geneem is of die handeling gemagtig is, indien die besluit geneem is of die handeling gemagtig is deur 'n meerderheid van die lede van die raad wat toe aanwesig was en geregtig was om as lede te sit en indien sodanige lede wat aanwesig was, 'n kworum uitgemaak het.

Regulasies

49. (1) Die Minister kan regulasies uitvaardig rakende—

- (a) die benoeming en verkiesing van kandidate vir aanstelling as lede van 'n waterraad;
- (b) die maatstawwe vir kwalifisering van lede van 'n waterraad;
- (c) die aantal, aanstelling en heraanstelling, ampstermyne en pligte van lede van 'n waterraad;
- (d) die kworum vir vergaderings van 'n waterraad;
- (e) die samestelling en funksionering van komitees van 'n waterraad;
- (f) die prosedure vir die belê en hou van vergaderings van 'n waterraad en die komitees van 'n waterraad;
- (g) die besoldiging vir dienste betaalbaar aan lede van 'n waterraad en die hoof uitvoerende beampte van 'n waterraad;

- (h) die aanstelling van personeel deur 'n waterraad en hulle diensvoorwaardes en besoldiging;
- (i) die aangeleenthede wat in beleidsverklarings van 'n waterraad behandel moet word;
- (j) die aangeleenthede wat in die jaarlikse sakeplan van 'n waterraad behandel moet word.
- (k) die prosedure vir die stel van voorwaardes vir die verskaffing van dienste;
- (l) die inligting wat in die finansiële state van 'n waterraad verstrek moet word;
- (m) die inligting wat in die jaarverslag van 'n waterraad verstrek moet word;
- (n) norme en standaarde vir tariewe.

(2) Die Minister kan verskillende regulasies vir verskillende waterrade uitvaardig.

(3) By die uitvaardiging van regulasies kragtens hierdie artikel moet die Minister oorweging skenk aan—

- (a) die basiese waardes en beginsels wat vir openbare administrasie ingevolge die Grondwet vereis word;
- (b) die hoofogmerke van hierdie Wet soos in artikel 2 uiteengesit;
- (c) die bedrywighede, bevoegdhede en pligte van die waterraad;
- (d) die finansiële posisie van die waterraad; en
- (e) die belange van verbruikers of potensiële verbruikers.

Uitwerking van insluiting van Hoofstuk in Wet

50. Die insluiting van hierdie Hoofstuk by hierdie Wet, word nie uitgelê asof dit enige uitvoerende of wetgewende bevoegdheid aan enige Provinsie ten opsigte van waterrade gee nie.

HOOFSTUK VII

Waterdienstekomitees

Instelling en afskaffing van waterdienstekomitees

51. (1) Behoudens subartikels (2), (3) en (4) kan die Minister 'n waterdienstekomitee—

- (a) instel;
- (b) se naam bepaal of verander;
- (c) se diensgebied bepaal of verander;
- (d) se bevoegdhede beperk; of
- (e) afskaf,

by kennisgewing in die *Staatskoerant*.

(2) Die Minister kan slegs ingevolge subartikel (1) optree na oorleg met óf die inwoners van die beoogde diensgebied óf met die waterdienstekomitee (indien reeds ingestel), en in oorleg met die waterdienste-owerheid vir die betrokke gebied, die Minister vir Provinsiale Sake en Grondwetlike Ontwikkeling en die betrokke Provinsie, met betrekking tot—

- (a) die tydperk waartydens die waterdienstekomitee sal funksioneer;

- (b) die aard en omvang van waterdienste wat verskaf staan te word;
- (c) die gebied of die gemeenskap wat bedien staan te word;
- (d) die samestelling van die waterdienstekomitee en die aanstelling van sy lede;
- (e) enige bydrae wat deur die gemeenskap of sy lede gelewer moet word vir die verskaffing van waterdienste; en
- (f) enige ander verwante aangeleentheid.

(3) Geen waterdienstekomitee mag ingestel word nie indien die waterdienste-owerheid wat jurisdiksie in die betrokke gebied het, gewillig en in staat is om waterdienste doeltreffend in die diensgebied te verskaf.

(4) Die Minister moet 'n waterdienstekomitee afskaf sodra hy of sy daarvan oortuig is dat die waterdienste-owerheid wat jurisdiksie in die betrokke gebied het, in staat en gewillig is om waterdienste doeltreffend in die diensgebied te verskaf.

Hoofwerksaamheid van waterdienstekomitees

52. (1) Die hoofwerksaamheid van 'n waterdienstekomitee is om waterdienste aan verbruikers binne sy diensgebied te verskaf.

(2) 'n Waterdienstekomitee mag nie enige persoon binne sy diensgebied onredelik van daardie waterdienste uitsluit nie.

Bevoegdhede van waterdienstekomitees

53. (1) 'n Waterdienstekomitee is 'n regspersoon en het die bevoegdhede van 'n natuurlike persoon wat ten volle regsbevoeg is, uitgesonderd—

- (a) dié wat uit die aard daarvan slegs aan natuurlike persone kan behoort;
- (b) dié wat by hierdie Wet uitgesluit word of strydig daarmee is; en
- (c) dié wat deur die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant* uitgesluit word.

(2) 'n Waterdienstekomitee kan voorwaardes vir die verskaffing van waterdienste (met inbegrip van tariewe) stel.

(3) 'n Waterdienstekomitee kan waterdienste aan 'n verbruiker inkort of staak, behoudens die beperkings vervat in artikel 4.

(4) 'n Waterdienstekomitee kan enige van sy bevoegdhede aan enige werknemer delegeer.

Voorwaardes vir verskaffing van dienste

54. (1) 'n Waterdienstekomitee moet voorwaardes vir die verskaffing van dienste stel wat nie met hierdie Wet onbestaanbaar is nie, betreffende—

- (a) die tegniese verskaffingsvoorwaardes, met inbegrip van eenhede of standaarde van meting, verifikasie van meters, foutperke en beslegting van geskille rakende die meet van waterdienste wat verskaf is;
- (b) die installering, verandering, bedryf, beskerming en inspeksie van waterdienstewerke en verbruikersinstallasies;
- (c) die bepaling en struktuur van tariewe;

- (d) die betaling en invordering van geld verskuldig aan die waterdienstekomitee;
- (e) die omstandighede waaronder waterdienste ingekort of gestaak kan word; en
- (f) die voorkoming van onwettige of verkwistende gebruik van water wat deur die waterdienstekomitee voorsien word.

(2) 'n Waterdienstekomitee moet kommentaar van die inwoners van sy diensgebied vra voordat hy voorwaardes stel.

(3) Voorwaardes deur 'n waterdienstekomitee gestel, moet aan die Minister voorgelê word en tree in werking by goedkeuring deur die Minister.

(4) Voorwaardes deur 'n waterdienstekomitee gestel moet vir die inwoners van die betrokke diensgebied toeganklik wees.

(5) Elke persoon wat waterdienste gebruik wat deur 'n waterdienstekomitee verskaf word, doen dit onderworpe aan enige geldende voorwaardes deur daardie waterdienstekomitee gestel.

Beheer van waterdienstekomitees

55. (1) 'n Waterdienstekomitee bestaan uit 'n voorsitter en die ander komiteelede wat die Minister van tyd tot tyd bepaal.

(2) Die Minister moet die voorsitter en lede van die komitee aanstel.

(3) Wanneer die Minister 'n lid aanstel, moet hy of sy ag slaan op—

- (a) die behoefte dat die komitee verteenwoordigend moet wees van die inwoners van die betrokke diensgebied; en
- (b) die kundigheid wat nodig is sodat die komitee doeltreffend kan funksioneer.

(4) Die Minister kan die aanstelling van enige van die lede van 'n waterdienstekomitee beëindig.

(5) Lede van 'n waterdienstekomitee kan uit die fondse van die komitee betaal word volgens 'n vlak van besoldiging deur die Minister goedgekeur.

Verantwoordelikheid van komiteeledes van waterdienstekomitees

56. Lede van 'n waterdienstekomitee moet—

- (a) hulle pligte met eerlikheid, sorgsaamheid en ywer uitvoer; en
- (b) enige botsing van belange openbaar.

Finansiële aangeleenthede en rekeninge

57. (1) Die finansiële jaar van 'n waterdienstekomitee is van 1 April tot 31 Maart.

(2) Die rekening van 'n waterdienstekomitee moet geouditeer word deur 'n geëksperteerde rekenmeester wat deur die komitee aangestel is, indien die Minister aldus verlang.

(3) Elke waterdienstekomitee moet binne drie maande na die einde van elke finansiële jaar Finansiële state uitreik en 'n afskrif daarvan aan die Minister voorlê.

(4) Die rekeningkundige beleid van 'n waterdienstekomitee moet in ooreenstemming met algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyke wees.

Formele onreëlmatighede

58. (1) 'n Besluit of handeling wat te goedere trou geneem of verrig is deur 'n waterdienstekomitee, is geldig ondanks enige versuim om aan 'n formele prosedurevereiste te voldoen.

(2) Geen besluit geneem deur of handeling verrig op gesag van 'n waterdienstekomitee is ongeldig bloot weens 'n toevallige vakature in die komitee of omdat enige persoon wat nie geregtig was om as 'n komiteelid te sit nie, aldus sitting ingeneem het toe die besluit geneem is of die handeling gemagtig is, indien die besluit geneem is of die handeling gemagtig is deur 'n meerderheid van die komiteeledes wat toe aanwesig was en wat geregtig was om as lede te sit en indien sodanige aanwesige lede 'n kworum uitgemaak het.

Verstreking van inligting

59. (1) 'n Waterdienstekomitee moet aan die Minister of enige persoon deur hom of haar gemagtig—

- (a) die inligting verstrek wat hy of sy nodig het oor die sake en finansiële posisie van die waterdienstekomitee;
- (b) toegang verleen tot die boeke, rekeninge, dokumente en bates van die waterdienstekomitee wat hy of sy verlang.

(2) Die Minister kan 'n persoon aanstel om die sake of finansiële

posisie van 'n waterdienstekomitee te ondersoek.

(3) Die Minister kan die gelde en betalings van enige persoon wat aldus aangestel is, van die betrokke waterdienstekomitee verhaal.

Bates en laste by afskaffing

60. (1) By die afskaffing van 'n waterdienstekomitee—

- (a) gaan sy bates en verpligtinge oor op die Minister;
- (b) moet die Minister die waterdienstekomitee likwideer; en
- (c) moet die Minister die werksaamhede van die waterdienstekomitee oorneem vir die tydperk van likwidering.

(2) Die Minister kan, na die afskaffing van 'n waterdienstekomitee, enige van sy bates oordra aan die waterdienste-owerheid wat jurisdiksie in die gebied het.

(3) Geen hereregte, belasting op toegevoegde waarde, ander belasting of regte is betaalbaar nie ten opsigte van die oordag van enige bates—

- (a) van 'n waterdienstekomitee aan die Minister; of
- (b) van die Minister aan 'n waterdienste-owerheid.

Regulasies

61. (1) Die Minister kan regulasies uitvaardig rakende—

- (a) die benoeming en verkiesing van kandidate vir aanstelling as lede van 'n waterdienstekomitee;
- (b) die maatstawwe vir kwalifisering van lede van 'n waterdienstekomitee;
- (c) die kworum vir vergaderings van 'n waterdienstekomitee;
- (e) die prosedure vir die belê en hou van vergaderings van 'n waterdienstekomitee;

- (f) die besoldiging vir dienste betaalbaar aan lede van 'n waterdienstekomitee;
- (g) die aanstelling van personeel deur 'n waterdienstekomitee, hulle diensvoorwaardes en besoldiging;
- (h) die inligting wat in finansiële state van 'n waterdienstekomitee verstrek moet word; en
- (i) die prosedure vir die stel van voorwaardes vir die verskaffing van dienste.

(2) By die uitvaardiging van regulasies kragtens hierdie artikel moet die Minister oorweging skenk aan—

- (a) die basiese waardes en beginsels wat vir openbare administrasie wat ingevolge die Grondwet vereis word;
- (b) die hoofogmerke van hierdie Wet soos in artikel 2 uiteengesit;
- (c) die finansiële posisie van die waterdienstekomitee; en
- (d) die belange van verbruikers of potensiële verbruikers.

HOOFSTUK VIII

Monitering en ingryping

Monitering van waterdienste-instelling

62. (1) Die Minister moet die prestasie van elke waterdienste-instelling moniteer ten einde te verseker—

- (a) dat alle toepaslike nasionale standaarde voorgeskryf kragtens hierdie Wet, nagekom word;
- (b) dat alle norme en standaarde vir tariewe voorgeskryf kragtens hierdie Wet, nagekom word; en
- (c) dat elke toepaslike ontwikkelingsplan, beleidsverklaring van 'n raad of sakeplan aanvaar kragtens hierdie Wet, nagekom word.

(2) Elke waterdienste-instelling moet—

- (a) inligting verstrek wat deur die Minister na oorleg met die Minister vir Provinsiale Sake en Grondwetlike Ontwikkeling verlang word; en
- (b) aan die Minister toegang verleen tot sy boeke, rekords en fisiese bates in soverre dit nodig is vir die Minister om die moniteringswerkzaamhede beoog in subartikel (1) uit te voer.

Ingryping

63. (1) Indien 'n waterdienste-owerheid enige werkzaamheid wat by of kragtens hierdie Wet aan hom opgedra is, nie doeltreffend verrig het nie, kan die Minister in oorleg met die Minister vir Provinsiale Sake en Grondwetlike Ontwikkeling, die betrokke Provinsie versoek om in te gryp ingevolge artikel 139 van die Grondwet.

(2) Indien die Provinsie versuim het om binne 'n redelike tyd na die versoek doeltreffend in te gryp, kan die Minister verantwoordelikheid vir daardie werkzaamheid aanvaar.

(3) Nadat die Minister verantwoordelikheid vir daardie werksaamheid aanvaar het kragtens subartikel (2), kan hy of sy 'n lasgewing aan die waterdienste-owerheid uitreik om daardie werksaamheid doeltreffend te verrig.

(4) Indien die waterdienste-owerheid versuim om aan daardie lasgewing gehoor te gee, kan die Minister ingryp deur—

(a) gepaste stappe te doen om die verrigting van daardie werksaamheid te fasiliteer, met inbegrip van die verlening van finansiële, bestuurs- en tegniese advies en bystand; of

(b) met kennisgewing aan die waterdienste-owerheid, daardie werksaamheid oor te neem.

(5) Indien die Minister enige werksaamheid van 'n waterdienste-owerheid oorneem—

(a) moet hy of sy 'n kennisgewing met daardie strekking in die Nasionale Raad van Provinsies ter tafel lê binne 14 dae na die aanvang van sy eerste sitting nadat die Minister daardie werksaamheid oorgeneem het;

(b) kan hy of sy, namens daardie waterdienste-owerheid, alle bevoegdhede en pligte van daardie waterdienste-owerheid betreffende daardie werksaamheid uitoefen en uitvoer.

(c) mag die beheerliggaam van daardie waterdienste-owerheid nie, terwyl die Minister vir daardie werksaamheid verantwoordelik is, enige van sy bevoegdhede uitoefen of enige van sy pligte uitvoer nie met betrekking tot daardie werksaamheid;

(d) kan hy of sy alle finansiële en ander hulpbronne tot beskikking van daardie

waterdienste-owerheid benut betreffende daardie werksaamheid;

(e) kan hy of sy 'n waterdienste-instelling aanstel om daardie werksaamheid of enige deel daarvan te verrig; en

(f) moet die oorname van daardie werksaamheid tot 'n einde kom—

(i) tensy dit deur die Nasionale Raad van Provinsies goedgekeur word binne 30 dae na die aanvang van sy eerste sitting na die oorname; of

(ii) wanneer die waterdienste-owerheid in 'n posisie is om daardie werksaamheid doeltreffend te hervat.

(6) Die Nasionale Raad van Provinsies moet die oorname van enige werksaamheid van 'n waterdienste-owerheid deur die Minister gereeld hersien en gepaste aanbevelings aan die Minister doen.

(7) Enige uitgawes aangegaan of verlies gelyk deur die Minister deur die oorname van enige werksaamheid van 'n waterdienste-owerheid kan van daardie waterdienste-owerheid verhaal word.

(8) In belang van samewerkende regering moet 'n Provinsie die Minister onmiddellik in kennis stel van sy voorneme om in te gryp deur enige werksaamheid van 'n waterdienste-owerheid kragtens artikel 139 van die Grondwet oor te neem.

(9) By oorweging van die wyse en implementering van enige ingryping kragtens hierdie artikel moet die Minister oorweging skenk aan—

(a) die redes vir die omvang en die tydperk van nie-nakoming deur die betrokke waterdienste-owerheid;

(b) die pogings aangewend om nakoming te verkry;

- (c) die uitwerking van die nie-nakoming; en
- (d) enige ander tersaaklike aangeleentheid.

HOOFSTUK IX

Finansiële bystand aan waterdienste-instellings

Bevoegdheid van Minister

64. (1) Die Minister kan toekennings maak, lenings toestaan en subsidies gee aan 'n waterdienste-instelling uit fondse vir daardie doeleindes—

- (a) deur die Parlement bewillig;
- (b) bygedra deur individue of nie-regeringsorgansisasies; of
- (c) bygedra deur ander regerings en regeringsinstellings.

(2) Voordat die Minister 'n toekenning maak, 'n lening toestaan of 'n subsidie gee, moet hy of sy oorweging skenk aan—

- (a) die vereistes van billikheid en deursigtigheid;
- (b) die doel van die toekenning, lening of subsidie;
- (c) die hoofogmerke van hierdie Wet soos in artikel 2 uiteengesit; en
- (d) die finansiële posisie van die aansoeker.

Aansoeke om Finansiële bystand

65. (1) Aansoeke om finansiële bystand moet op die voorgeskrewe wyse gedoen word.

(2) Die Minister kan finansiële bystand weier aan enige waterdienste-instelling wat versuim om sy verpligtinge ingevolge hierdie Wet of enige ander wet na te kom.

Regulasies oor finansiële bystand

66. (1) Die Minister kan regulasies uitvaardig oor finansiële bystand ingevolge hierdie Wet oor—

- (a) die finansiële doenlikheid van die bou, bedryf en instandhouding van waterdienste;
- (b) die wyse waarop daar om finansiële bystand aansoek gedoen moet word; en
- (c) die bedinge en voorwaardes waarop enige toekenning gemaak, lening toegestaan of subsidie gegee kan word.

(2) By die uitvaardiging van sodanige regulasies moet die Minister ag slaan op—

- (a) die hoofmerke van hierdie Wet soos in artikel 2 uiteengesit;
- (b) die behoefte aan billikheid en deursigtigheid; en
- (c) alle tersaaklike wetgewing betreffende finansiële beheer.

HOOFSTUK X

Nasionale inligtingstelsel

Instelling van nasionale inligtingstelsel

67. (1) Die Minister moet verseker dat daar 'n nasionale inligtingstelsel oor waterdienste is.

(2) Die inligtingstelsel kan deel uitmaak van 'n groter stelsel oor water in die algemeen.

(3) Die publiek is geregtig op redelike toegang tot die inligting vervat in die nasionale inligtingstelsel behoudens beperkings wat genoodsaak is deur die regte wat in Hoofstuk 2 van die Grondwet verskans is.

Doel van nasionale inligtingstelsel

68. Die oogmerke en doel van die nasionale inligtingstelsel is—

- (a) om die ontwikkeling, implementering en monitering van nasionale beleid oor waterdienste aan te teken en gegewens daarvoor te verskaf; en
- (b) om inligting te verskaf aan waterdienste-instellings, verbruikers en die publiek—
 - (i) om hulle in staat te stel om die prestasie van waterdienste-instellings te moniteer;

- (ii) vir navorsingsdoeleindes; en
- (iii) om enige ander wettige rede.

Verstreking van inligting

69. Die Minister kan van enige Provinsie, waterdienste-instelling en verbruiker vereis om inligting te verstrek vir insluiting in die nasionale inligtingstelsel.

Befondsing van nasionale inligtingstelsel

70. (1) Die Minister kan die nasionale inligtingstelsel befonds uit geld bewillig deur die Parlement vir daardie doel of uit enige ander bron vir daardie doel ontvang.

(2) Die Minister of die verskaffer van die nasionale inligtingstelsel kan redelike gelde hef vir die beskikbaarstelling van inligting.

HOOFSTUK XI

Algemene bevoegdhede en pligte van Minister

Prosedure vir uitvaardiging van regulasies

71. Die Minister moet, alvorens hy of sy regulasies kragtens hierdie Wet uitvaardig—

- (a) die regulasies vir skriftelike publieke kommentaar binne 'n bepaalde tydperk, publiseer in die *Staatskoerant*; en
- (b) alle skriftelike kommentaar wat betyds ontvang is, oorweeg.

Oorlegpleging deur Minister

72. Indien enigiets ingevolge hierdie Wet deur die Minister na oorleg met 'n ander persoon of liggaam gedoen moet word is daar voldoen daaraan indien die Minister—

- (a) skriftelike kommentaar van daardie persoon of liggaam gevra het; en
- (b) enige kommentaar wat ontvang is, oorweeg het.

Algemene bevoegdhede van Minister

73. Die Minister kan—

- (a) enige waterdienstewerk verkry en kan 'n waterdienstewerk wat aan die Nasionale Regering behoort oordra of wegdoen;
- (b) enige waterdienstewerk bou, bedryf, verander of herstel, met die toestemming van die eienaar;
- (c) met enige persoon kontrakteer om enige werk te verrig wat die Minister gemagtig is om kragtens hierdie Wet te verrig;
- (d) as 'n waterdiensteverskaffer optree onder kontrak of met goedkeuring;

- (e) in noodsituasies waterdiens te verskaf;
- (f) die bevoegdhe en werksaamhede van 'n waterdienste-owerheid of 'n waterraad uitoefen en verrig;
- (g) tariewe vir waterdienste deur hom of haar verskaf, hef;
- (h) riglyne aan waterdienste-instellings uitreik oor die verrigting van hulle werksaamhede ingevolge hierdie Wet;
- (i) model-voorwaardes vir die verskaffing van dienste uitvaardig vir gebruik deur waterrade en waterdienstekomitees;
- (j) maatreëls voorskryf wat deur waterdienste-instellings getref moet word om water te bespaar;
- (k) voorskryf hoe 'n aangeleentheid wat voortspruit uit die herroeping van enige wet deur hierdie Wet hanteer moet word, in soverre hierdie Wet nie toereikend daarvoor voorsiening maak nie; en
- (l) op goeie gronde, enige tydperk waarvoor voorsiening in hierdie Wet gemaak word, verleng.

(2) Geen waterdienstewerk wat deur die Minister besit word, mag sonder goedkeuring van die Parlement oorgedra of weggedoen word nie indien die waarde daarvan 'n bedrag wat van tyd tot tyd deur die Minister met die instemming van die Minister van Finansies bepaal word, te bowe gaan.

(3) Die Minister tree namens die nasionale regering op in die besit, neem van oordrag of wegdoen van enige waterdienstewerk.

Delegasie van bevoegdheid

74. (1) Behoudens subartikel (2) kan die Minister enige bevoegdheid wat by of kragtens hierdie Wet by hom of haar berus, skriftelik delegeer.

(2) Die Minister mag die bevoegdheid—

(a) om regulasies uit te vaardig;

(b) om beleid voor te skryf; en

(c) om te onteien,

nie delegeer nie.

(3) 'n Provinsie kan enige bevoegdheid by hierdie Wet aan hom verleen, skriftelik delegeer.

Appèlle

75. (1) Elke geaffekteerde persoon kan na die Minister appelleer teen 'n besluit geneem deur enige persoon wat kragtens 'n gedelegeerde bevoegdheid van die Minister optree.

(2) 'n Appèl kragtens subartikel (1) moet aangeteken word deur binne 21 dae nadat die geaffekteerde persoon van die besluit bewus raak, 'n skriftelike kennisgewing van appèl in te dien by die Minister en by die persoon teen wie se besluit geappelleer word.

(3) 'n Geaffekteerde persoon kan na die Minister appelleer indien 'n persoon aan wie 'n bevoegdheid gedelegeer is, versuim om binne 'n redelike tyd 'n

besluit oor enige aangeleentheid met betrekking tot sodanige gedelegeerde bevoegdheid te neem.

(4) 'n Appèl kragtens subartikel (3)—

(a) word gevoer asof 'n besluit teen die geaffekteerde persoon gegee is; en

(b) moet aangeteken word soos in subartikel (2)(a) beskryf.

(5) Die Minister moet enige aangeleentheid wat op appèl aan hom of haar voorgelê is, oorweeg nadat hy of sy elke persoon met 'n belang by die aangeleentheid die geleentheid gebied het om sy of haar saak te stel.

Advieskomitees

76. (1) Die Minister kan advieskomitees vir aangeleenthede wat binne die bestek van hierdie Wet val, aanstel.

(2) 'n Advieskomitee bestaan uit 'n voorsitter en die lede wat die Minister bepaal, met behoorlike inagneming van die kundigheid wat verlang word.

(3) 'n Lid van 'n advieskomitee kan 'n toelae betaal word wat deur die Minister bepaal word.

(4) 'n Advieskomitee het die werksaamhede wat deur die Minister aan hom gegee word.

HOOFSTUK XII

Algemene bepalinge

Oordraagbaarheid van servitude

77. (1) Die regte en verpligtinge van enige waterdienste-instelling ingevolge 'n persoonlike servituut (hetsy geregistreer al dan nie) is oordraagbaar aan 'n ander waterdienste-instelling, ondanks enige andersluidende wetsbepaling.

(2) 'n Registrateur van aktes moet 'n notarieel verlyde sessie-akte registreer om 'n persoonlike servituut van enige waterdienste-instelling aan 'n ander oor te dra.

Eiendomsreg in waterwerke

78. (1) Enige waterdienstewerk wat te goeder trou deur 'n waterdienste-instelling geplaas is in of op eiendom waarvan hy nie die eienaar is nie, bly ongeag of die werk vas is aan enige deel van daardie eiendom al dan nie, die eiendom van daardie waterdienste-instelling en kan deur hom verwyder word.

(2) Wanneer 'n waterdienstewerk kragtens subartikel (1) verwyder word—

(a) kan die eienaar of okkupeerder van die eiendom van die betrokke waterdienste-instelling verlang, in soverre dit redelikerwys moontlik is, om

- enige fisiese skade te herstel wat deur die verwydering aan die eiendom aangerig is; en
- (b) het die eienaar of okkupeerder van die eiendom geen ander eis teen die betrokke waterdienste-instelling nie.
- (3) Enige waterdienste-instelling kan sy regte ten opsigte van verbeterings aan eiendomme wat nie deur hom besit word nie, aan 'n ander waterdienste-instelling oordra.

Betreding en inspeksie van eiendom

79. (1) Enige persoon wat skriftelik deur die Minister, die Provinsie of enige waterdienste-instelling gemagtig is, kan—

- (a) te enige redelike tyd en sonder kennisgewing vooraf, behalwe in die omstandighede in subartikel (3) uiteengesit, enige eiendom betree en enige waterdienstewerk inspekteer ten einde vas te stel of hierdie Wet of enige regulasie of lasgewing daarkragtens uitgevaardig, nagekom word;
- (b) na redelike kennisgewing aan die eienaar of okkupeerder van enige eiendom, daardie eiendom betree met die nodige persone, voertuie toerusting en materiaal—
- (i) om enige waterdienstewerk wat behoort aan of bedryf word deur die Minister, die Provinsie of die betrokke waterdienste-instelling, te herstel, in stand te hou, te verwyder of te sloop;
- (ii) om plantegroei te verwyder wat inmeng met enige waterdienstewerk

- wat behoort aan of bedryf word deur die Minister, die Provinsie of die betrokke waterdienste-instelling; en
- (iii) om die geskiktheid van enige waterbron of terrein vir die bou van 'n waterdienstewerk te bepaal; en
- (c) na redelike kennisgewing aan die eienaar of okkupeerder van enige eiendom, oor die eiendom beweeg ten einde 'n ander eiendom wettig te betree.

(2) Enige persoon wat eiendom betree, moet homself of haarself identifiseer en sy of haar magtiging toon.

(3) 'n Woning mag betree word slegs—

- (a) waar dit ingevolge hierdie Wet nodig is om dit te doen;
- (b) met redelike kennisgewing; en
- (c) op 'n redelike tydstop.

Onteiening

80. (1) Eiendom mag onteien word deur die Minister of deur enige waterraad en waterdienstekomitee wat met die goedkeuring van die Minister optree.

(2) Die Onteieningswet, 1975 (Wet No. 63 van 1975), is van toepassing op alle onteienings ingevolge hierdie Wet.

(3) Waar die Minister enige eiendom onteien kragtens 'n bevoegdheid verleen by hierdie Wet, moet enige verwysing na "Minister" in die Onteieningswet, 1975 uitgelê word as 'n verwysing na die Minister van Waterwese en Bosbou.

(4) Waar enige waterraad of waterdienstekomitee eiendom onteien kragtens 'n bevoegdheid verleen by hierdie Wet, moet enige verwysing na "Minister" en "Staat" in die Onteieningswet, 1975, uitgê word as 'n verwysing na daardie waterraad of waterdienstekomitee, na gelang van die geval.

Misdrywe

81. (1) Geen persoon mag—

- (a) met die verkwistende gebruik van water voortgaan nadat hy of sy deur die Minister, 'n Provinsie of enige waterdienste-owerheid versoek is om dit te staak;
- (b) onwettig en opsetlik of nalatig peuter of inmeng met enige waterdienstewerk;
- (c) opsetlik waterdienste benut, water gebruik of uitvloeisel wegdoen in stryd met artikels 6 en 7;
- (d) enige persoon wat enige reg op betreding en inspeksie van eiendom kragtens artikel 79 uitoefen of poog om dit uit te oefen, opsetlik dwarsboom;
- (e) versuim of weier om inligting te verstrek, of valse of misleidende inligting verstrek, wanneer hy of sy ingevolge hierdie Wet inligting moet verstrek; en
- (f) versuim om toegang te verleen tot enige boeke, rekeninge, dokumente of bates wanneer hy of sy dit ingevolge hierdie Wet moet doen.

(2) Enige persoon wat subartikel (1) oortree is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twee jaar, of met beide sodanige boete en gevangenisstraf.

(3) Wanneer 'n handeling of versuim deur enige werknemer of agent—

- (a) met die uitdruklike of geïmpliseerde toestemming van enige werkgever 'n misdryf ingevolge hierdie Wet uitmaak, is die werkgever, benewens die werknemer, strafbaar vir daardie misdryf; of
- (b) 'n misdryf vir die werkgever ingevolge hierdie Wet sou uitmaak, is daardie werknemer of agent, benewens daardie werkgever, strafbaar vir daardie misdryf.

Wet bind Staat

82. Hierdie Wet bind die Staat en sy organe.

Herroeping van wette en voorbehoude

83. (1) Die wette uiteengesit in die Bylae word hierby herroep in die mate in die derde kolom van die Bylae uiteengesit.

(2) Ondanks subartikel (1) hou die volgende organisasies aan om te bestaan en word hulle geag waterrade te wees wat ingevolge hierdie Wet ingestel is:

- (a) enige waterraad ingestel ingevolge die Waterwet, 1956 (Wet No. 54 van 1956);
- (b) die Randwaterraad ingestel by die Private Wet op die Randwaterraadstatute, 1950 (Wet No. 17 van 1950); en

(c) die Noordwes-watervoorsieningsowerheid ingestel by die North-West Water Supply Authority Act, 1988 (Wet No. 39 van 1988 Bophuthatswana).

(3) Die beheer, naam en diensgebiede van daardie waterrade bly soos omskryf in die wetgewing ingevolge waarvan hulle ingestel is, totdat die Minister anders bepaal, by kennisgewing in die *Staatskoerant*.

(4) Alle bestaande regte en verpligtinge van daardie waterrade bly van krag na die inwerkingtreding van hierdie Wet.

(5) Ondanks subartikel (1) bly die bepalings van die Private Wet op Randwaterraadstatute, 1950, die Waterwet, 1956, en die North-West Water Supply Authority Act, 1988 (Bophuthatswana), wat vereis dat 'n waterraad die goedkeuring van die Minister moet verkry ten einde enige werksaamhede te verrig, van krag asof daardie artikels nie herroep is nie, tot twee maande nadat die eerste beleidsverklaring en sakeplan van die betrokke raad opgestel en aan die Minister voorgelê is.

(6) Enigiets wat voor die inwerkingtreding van hierdie Wet gedoen is deur 'n liggaam beoog in subartikel (2), en enige regulasie wat uitgevaardig is of voorwaarde wat gestel is kragtens of ingevolge enige wet wat deur subartikel (1) herroep is, bly van krag en word geag gedoen, uitgevaardig of gestel te gewees het kragtens of ingevolge die ooreenstemmende bepaling van hierdie Wet indien—

- (a) dit kragtens of ingevolge hierdie Wet gedoen, uitgevaardig of gestel kan word; en
- (b) dit nie met die hoofogmerke van hierdie Wet soos uiteengesit in artikel 2 in stryd is nie.

Kor titel

84. Hierdie Wet heet die Waterdienstewet, 1997.

BYLAE

Nummer en jaar van Wet	Kort titel	In hoeverre herroep
Wet 13 van 1919	De Bedford Verder Watervoorzienings (Private) Wet, 1919	Die geheel, uitgesonderd artikels 1 tot 9 artikel 11
Wet 24 van 1921	Durban Waterwerke Konsolidasie (Private) Wet, 1921	Die geheel uitgesonderd artikels 2 tot 7 artikels 10 tot 13 artikel 16
Wet 15 van 1929	Pretoria Waterwerke (Private) Wet, 1929	Artikel 6 artikel 11, artikels 13 tot 16
Wet 13 van 1932	Mafeking Waterwerke (Private) Wet, 1932	Die geheel, uitgesonderd artikels 1 tot 5 artikels 7 en 8.
Wet 20 van 1937	Durban Waterwerke (Private) Wet, 1937	Artikels 12 tot 16
Wet 11 van 1945	Private Wysigingswet op die Durbanse Waterwerke (Private) Wet, 1945	Die geheel
Wet 5 van 1948	Private Wet tot Verdere Wysiging van die Durbanse Waterwerke (Private) Wet, 1948	Die geheel
Wet 17 van 1950	Private Wet op die Randwateraadstatute, 1950	Die geheel uitgesonderd artikel 2 artikel 113 artikels 123 tot 130
Wet 7 van 1952	Private Wet op die Durbanse Waterwerke (Addisionele Leningsbevoegdheid), 1952	Die geheel
Wet 20 van 1953	Private Wet op die Durbanse Waterwerke (Addisionele Leningsbevoegdheid), 1952	Die geheel
Wet 54 van 1956	Waterwet, 1956	Artikels 26A tot 26H artikels 107 tot 138
Wet 29 van 1964	Wysigingswet op die Private Wet op die Randwateraadstatute, 1964	Die geheel
Wet 53 van 1969	Wysigingswet op die Private Wet op die Randwateraadstatute,	Die geheel

Nommer en jaar van Wet	Kort titel	In hoeverre herroep
Wet 13 van 1919	De Bedford Verder Watervoorzienings (Private) Wet, 1919	Die geheel, uitgesonderd artikels 1 tot 9 artikel 11
	1969	
Wet 31 van 1972	Wysigingswet op die Private Wet op die Randwaterraadstatute, 1972	Die geheel
Wet 107 van 1977	Wysigingswet op die Private Wet op die Randwaterraadstatute, 1977	Die geheel
Wet 90 van 1983	Wysigingswet op die Private Wet op die Randwaterraadstatute, 1983	Die geheel
Wet 39 van 1988 (Bophuthatswana)	North-West Water Supply Authority Act, 1988	Die geheel
Wet 40 van 1988	Wysigingswet op die Private Wet op die Randwaterraadstatute, 1988	Die geheel
Wet 36 van 1990	Wysigingswet op die Private Wet op die Randwaterraadstatute, 1990	Die geheel



LET YOUR MOUSE DO THE WALKING

Subscribe to our full-text, Electronic Government Gazette and cut hours off the time you spend searching for information. Just point and click and within seconds, you can let your computer do the searching. Data is available within two days after publication and we can now also offer the full-text of the nine provincial gazettes.

Contact us today and save time, space and paper.



The proven source of information


tel: (012) 663-4954 fax: (012) 663-3543 toll free tel: 0800 11 11 73
e-mail: sabinet@sabinet.co.za www: <http://www.sabinet.co.za>

*Looking for back copies and out of print issues of
the Government Gazette and Provincial Gazettes?*

The State Library has them!

Let us make your day with the information you need ...

The State Library Reference and Information Service
PO Box 397
0001 PRETORIA
Tel./Fax (012) 321-8931
E-mail: infodesk@statelib.pwv.gov.za





*Soek u ou kopieë en uit druk uitgawes van die
Staatskoerant en Provinsiale Koerante?*




Die Staatsbiblioteek het hulle!

Met ons hoef u nie te sukkel om inligting te bekom nie ...

Die Staatsbiblioteek Naslaan- en Inligtingdiens
Posbus 397
0001 PRETORIA
Tel./Faks (012) 321-8931
E-pos: infodesk@statelib.pwv.gov.za

SA WEATHER BUREAU SA WEERBURO

**W
E
A
T
H
E
R
·
S
E
R
V
I
C
E
S
·
W
E
E
R
D
I
E
N
S
T
E**



DEPT. OF ENVIRONMENTAL AFFAIRS AND TOURISM · DEPT. VAN OMGEWINGSAKE EN TOERISME

CONTENTS**INHOUD**

No.		Page No.	Gazette No.	No.		Bladsy No.	Koerant No.
GENERAL NOTICE				ALGEMENE KENNISGEWING			
Water Affairs and Forestry, Department of				Waterwese en Bosbou, Departement van			
<i>General Notice</i>				<i>Algemene Kennisgewing</i>			
826	Proposed Water Services Bill, 1997	1	18018	826	Voorgestelde Waterdienstewetsontwerp, 1997	78	18018